## DANKBAARHEIDSMAAND

**November** sonder ons af as **Dankbaarheidsmaand** in die gemeente. Die gedagte is dat ons gedurende hierdie maand spesiaal nadink oor ons seëninge en op spesiale maniere vir God al die eer en dank daarvoor toebring. Dankbaarheidsmaandkoeverte sal deur die diaken of dienswerker uitgedeel word waarin u 'n spesiale bydrae bo-en-behalwe u maandelikse offer kan maak. U kan hierdie koeverte in die kollektesakkies gooi. As u nog nie u koevert ontvang het nie, gebruik sommer 'n gewone koevert en merk dit as "Dankbaarheidsmaandbydrae". Ons is ver agter op ons begroting en 'n ekstra bydrae van elkeen kan net dalk die wa deur die drif trek. Baie dankie!

### HERBERG KINDERHUIS

Ons beplan om voor die Des/Jan skoolvakansie 'n pakkie na die Kinder- huis te neem. Die huismoeder, Elsabé Milstein, tree na 15 jaar af as huismoeder en ons wil graag vir haar ook 'n geskenkie neem.

Die volgende word o.a. benodig:

Skoonmaakmiddels: bv. Poeierseep, "handy andy", skottelgoedseep en vadoeke.

Toiletware: bv. Sjampoe, toiletseep, handeroom en waslappies.

Koekies, lekkers en beskuit.

Toebroodjiesmere: bv Marmite, grondboonbotter, konfyt, stroop, ens.

Blikkies vleis, vis en tuna, Weense worsies, polonie en kaas. Grondbone en rosyne wat in kosblikke kan kom.

Kontant ook welkom, dan koop ons aan wat ons nie ontvang het nie.

Daar is slegs 15 dogters in Huis C van Laerskool ouderdom.

Handig asb in voor of op 25 Nov by kerkkantoor.

As u van 'n geleentheid weet na Robertson, kontak ons asb.

Navrae: Joey de Jager 073 2988142 of 044-6910116

### SPESIALE KOSPAKKIES VIR DIE FEESSEISOEN

Daar is tans 25 gesinne wat elke maand kospakkies ontvang. Met die komende Fees- en Vakansieseisoen wil ons graag aan die gesinne 'n spesiale pakkie gee.

Daar word jaarliks begroot hoeveel daar op kospakkies gespandeer kan word, maar die stygende pryse laat ons nie toe om daardie ekstras aan te koop nie. Hiermee wil ons dus 'n vriendelike versoek rig vir bydraes.

Ons benodig o.a. die volgende:

Wors, maalvleis, hoender, jellie, vlapoeier, ingemaakte vrugte, koekies, lekkers, blikkies groente, blikkies vleis en vis en poeier aanmaakkoeldrank (bv Coolaid). Enige bydra is welkom. Kontant ook welkom.

Handig asb in voor die einde van Nov. Aankope word die 1ste week in Des gedoen.

Navrae: Joey de Jager 0732988142 of 044-6910116.

### BANKBESONDERHEDE

*Dankoffers: Absa Mosselbaai, rek.no. 207 058 0031*

*Geloofsoffers: Absa Mosselbaai, rek.no. 207 016 7886*



ONS EER GOD MET LIEFDEVOLLE OMSIEN EN UITREIK

# NG KERK MOSSELBAAI-SUID

**AFKONDIGINGE: 20 November 2016**

*"Vir ons is 'n Seun gebore, aan ons is 'n Seun gegee; Hy sal heers, en Hy sal genoem word: Wonderbare Raadsman, Magtige God, Ewige Vader, Vredevors" (Jesaja 9: 6)*

## PROGRAM VIR VANDAG

**KERSSANGDIENS:** Vanaand om 18:30 in die kerkgebou. *Ons sing vooraf kersliedere. Laerskool Park se junior koor sing, asook 'n sanggroep uit die gemeente, 'n duet, solo en kinders op musiekinstrumente, asook gemeentesang. Bring gerus vriende saam!*

**DEUROFFER:** Spesiale offer vir Jeugwerk. Op Vleesbaai vir Strandhuis.

**KATEGESE/KINDERKERK:** Gr R-6 vir Kinderkerk in die saal na die kinderoomblik in die diens. Gr 7-8 se kategese is na die diens in die saal. Geen Gr 9 kategese. Gr 10 Woensdag om 18:00 by ds Robert.



**NUWE INTREKKERS:** Baie welkom in ons midde - mag u verblyf tot seën wees! Die dominee ontmoet jou graag na die diens voor die kansel.

## VOLGENDE SONDAG

**EREDIENSTE:** Om **09:00** in die kerkgebou (ds André) en op Vleesbaai (Ds Robert). *Kinderkerk en kategese kinders bly in die kerk vir sertifikate. Ouers en kinders word genooi om die erediens saam by te woon.*

**DEUROFFER:** Spesiale offer vir Gemeentebediening.

**KATEGESE/KINDERKERK:** Net 'n kinderoomblik in die erediens.

## PROGRAM VIR DIE WEEK

**KLEINGROEPE:** Vergader soos onderling gereël. Nuwelinge kan die kerkkantoor (tel. 6903552) kontak vir meer inligting.

Ds Danie: Maandag om 15:00 Santos 2; Dinsdag om 09:30 in die konsistorie.

Ds André: Dinsdag om 09:30 by 17de Laan 25B.

Ds Robert: Dinsdag 09:00; Donderdag Boekleesgroep 18:15 te 17de Laan 18.

**Dinsdag:** Gebedsbyeenkoms om 17:15 in die konsistorie.

**Woensdag:** Santos Haven Biduur om 15:30 in Santos 1 (ds Robert).

**Donderdag:** Manne bid 06:00 in die "gat" onder die verhoog
Vonkelvroue om 19:00 in die saal.

## BELANGRIKE INFO

**KOSKAS:** November is **Streek B** se beurt om bydraes te maak vir die koskas. Droë produkte, groente, blikkies en gevriesde produkte, asook kontantbydraes kan by die kerkkantoor of die dienswerker afgegee word. Joey (073 2988 142).

**SAAMKUIER NA DIENS:** Lekker koffie en tee word na die diens in die kerksaal bedien. Kom kuier gesellig saam en leer mekaar beter ken.

**MATRIEKS:** Matriekfees op Heroldsbaai 30 Nov tot 7 Des. Kontak ds Johan Engelbrecht 082 372 6729 of gaan na www.facebook.com/matriekfees/

**ALPHAKURSUS:** Vanaand weer van 16:30 in die kerksaal.

**DEURKOLLEKTE:** Spesiale offer vir Geopende Deure was R2 293-00.

*Briefie van Esmé Meyer: "Hiermee wil ons net baie dankie sê vir die naaimasjien en lappe wat ons ontvang het. Dit is regtig bruikbaar. Rose is ons eerste dame in opleiding—opgewonde oor elke nuwe vaardigheid wat sy bekom."*

### VONKELVROUE

Ons afsluitingsbyeenkoms is DV Donderdag, **24 November** om **19:00** in die kerksaal. Toegang by deure is R15. Bring asb pakkie koekies saam vir die koskas. Demonstrasies van geskenkies, kersmusiek en lekker saamkuier is op die program.



**HAP-en-KRAP:** Ons beplan nog 'n HAP-en-KRAP DV vir 3 Desember. Daarvoor benodig ons net wit olifante, gordyne en beddegoed. As jy vergeet het, is dit nou jou kans!

**KERSMARK:** 19-21 Desember (08:00—18:00). Unieke kersgeskenke teen billike winskope, kosstalletjies en Kenani in die kombuis. Kom ondersteun asb die Kersmark.

**SELFOON:** Ons soek 'n goeie tweedehandse selfoon wat internet (whatsapp) verbinding kan hê vir 'n persoon wat werk in die gemeenskap met Smartstart—die vroeë kinderontwikkelingprojek waarby ons betrokke is. Iemand wat opgradeer het wat dalk nog 'n ou goeie foon het? Skakel Robert of die kerkkantoor.

**PERSOONLIK:** Inwoners van Santos Haven se drie siekeboeë, Kenani, Huis Elsjé, Benevolent Park, Ons Huis, Huis Caro en Ons Rus. Die volgende lidmate herstel na operasies, hospitalisasie, siekte tuis, of beleef ander krisisse:

Mariaan Huisamen Blombosch, Ria Louw Santos Haven, Drienie Muller Mopaniestr, Jandré van Zyl Pinaclepark, Johan Bester Heidepark, Erika Krause De Bosse, Fanie Crafford Santos Haven, Willie van Wyk Vleesbaai, Anene van Wyk Boggomsbaai, Pieter Kempen Boggomsbaai, Ampie Smith Fijnboschpark, Johan Meyer 12de Laan, Sophie Honiball Vleesbaai, Elmarie Bothma Kameeldoringstr.

**STERFTES:** Wessie, eggenoot van Marletta van der Westhuizen Rooielsstr



## GEBEDSBULLETIN

**<u>November se tema</u>: Jeug**

**<u>Dank die Here die week vir:</u>**

* Godsdiensvryheid.
* Polisie, korrektiewe dienste, sekuriteits-maatskappye en ander nooddienste wat dikwels hulle lewe waag om ons te beskerm.
* Die positiewe belewenis van die kinderoomblik in die erediens en die kinderkerk.
* Jongmense in hulle skole, sportspanne en vriendekring getuig van hulle geloof in die Here.
* Jongmense wat 'n deel van hulle Desember-vakansie gee om stranddienste te doen. Bid vir die samestelling van die Vleesbaai span.

**<u>Bid hierdie week vir:</u>**

* Libië - Geen vorm van evangelisasie of sendingwerk word in Libië toegelaat nie. Die invloed van die Islamitiese Staat (IS) groei tans in Libië. Die afgelope paar jaar bied die Internet egter geleenthede om teenoor Libiërs te getuig.
* Die veldtog van 16 Dae van Gebed vir Geen Geweld teen Vroue en Kinders: (25 Nov – 10 Des 2016).
* Die matrieks en studente (finalejaars) se eindeksamen.
* Genoeg reën om in al ons mense se behoeftes te voorsien.
* Amerika na die verkiesings.
* Die matriekfees op Heroldsbaai (30 Nov tot 7 Des).
* Dankbaarheidsmaand-insameling.




### * HAP-EN-TRAP met "JUMBO SALE" en TEETUIN *

'n Heerlike geleentheid om na uit te sien! Op Saterdag, 3 Desember 08:00 tot 11:00 kuier ons lekker saam in die kerksaal! Daar gaan allerlei gebruikte goedere te koop aangebied word, ook klere en beddegoed. Nooi almal uit om te kom inloer! Daar's ook 'n teetuin met heerlike drinkgoed, skywe koek of tert en soutigheid—net vir R25! Allerlei Hap-en-Trap eetgoed word verkoop. Kom kuier saam en geniet die heerlike eetgoed. Vertel vir almal wat jy mee praat van hierdie geleentheid en moedig mekaar aan om hierdie Saterdag by die kerk te eet en nie elders kitsetes te koop of koffie te drink nie. Bring jou vriende en kom kuier saam! Sê ook vir jou tuinhulp en huishulp van die Jumbo Sale.

